23 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 24:9-11; 33:7-11, 18-23; 34:1-10, 27-35**

Om God te sien

Die Bybel verwys voortdurend daarna dat niemand die heilige God kan sien en bly lewe nie. Moses wou Hom graag sien, maar al wat hom toegelaat was, was om God van agter te sien. Tydens hul ontmoeting het Moses slegs die versluierde, magtige teenwoordigheid van God gesien. Selfs om net in die direkte teenwoordigheid van God te wees het al die effek gehad dat dit Moses se gesig laat blink het. Die effek van God se teenwoordigheid was só kragtig dat Moses sy gesig moes bedek aangesien die volk nie in staat was om self na sy gesig te kyk nie.

Tog het God by een geleentheid toegelaat dat mense Hom kon sien en bly lewe. Die enigste keer wat dit gebeur het, was met die verbondsluiting op Sinaï. Die leiers van die volk het God by daardie geleentheid gesien en die verbondsmaaltyd in sy teenwoordigheid genuttig. Vir die duur van daardie maaltyd het die ontoeganklike, verblindende en verterende lig wat God omstraal, verkoel tot die helderheid van die blou hemel sodat hulle Hom kon sien en bly lewe. Geen wonder dat Moses na hierdie wonderlike ervaring daarna gesmag het om dit wéér te beleef nie.

So sal die gelowiges Hom eendag kan sien. Op grond van die verbond van genade wat God deur die bloed van Christus met ons gesluit het, sal sy verheerlikte kinders tot Hom mag nader en in sy teenwoordigheid mag lewe.

Vul hierdie vooruitsig jou ook met verwondering en afwagting?

Sing: Skrifberyming 45:1,8,9 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)